
# FAMILIENUUS

pelgrimstog deur die lewe
Outeniqualand
oorgee · omgee · aangee



2 Augustus 2026

Wat jy hierdie week moet weet!

# erediens

## SONDAG

Kom sluit Sondag by ons aan vir die erediens om 09:30 by die kerk (Sinksabrug). Ons is vandag by tema 3 van ons nuwe reeks: 40 Dae op pad: 'n Pelgrimsreis agter Jesus aan!

**Sondag se tema: Op pad na Jerusalem!**

**Kom geniet saam met Laerskool Van der Hoven 'n heerlike koppie koffie/tee in die saal na afloop van die erediens. Hulle vier die naweek hulle 125ste bestaansjaar. Baie geluk!**

**40 dae op pad** — pelgrimstog deur die lewe — Outeniqualand — oorgee · omgee · aangee

Stel jou voor dat ons as gemeente 'n reis van 40 dae aanpak. 'n Reis waar ons nie net die preke op 'n Sondag hoor nie, maar dit saamneem, dit laat deel word van ons daaglikse lewe en dit op 'n praktiese manier toepas. Hierdie reis is nie 'n marathon waar jy alleen hardloop nie, maar 'n paadjie wat ons saam stap – elkeen op hul eie unieke manier, maar almal in dieselfde rigting.

Of jy nou 'n kleuter is wat nuuskierig is oor die wêreld, 'n tiener wat antwoorde soek, 'n ouer wat jong kinders lei, 'n pasgetroude wat saam bou, of 'n bejaarde wat met wysheid terugkyk en vorentoe kyk, is hierdie reeks vir jou. Ons glo dat God vir elkeen van ons 'n spesifieke uitdaging en 'n unieke seën vir hierdie 40 dae het.

Elke week sal ons jou begelei om die Sondag se preek na jou huis en jou lewe te bring. Hier is die vyf stappe wat jou gaan begelei:

| | |
|---|---|
| STOP | Skep 'n geloofsritueel wat vir jou haalbaar is en wat jy kan inoefen. |
| ONDER KONSTRUKSIE | Dink na oor die preek en pas die teks toe in jou lewe. |
| RAAK BEWUS | Raak bewus van spesifieke dinge op jou pad en ontdek iets nuuts. |
| GEMEENSKAP | Leef en beleef saam met ander en wees barmhartig. |
| BESOEK | Kom uit by mense wat reeds in jou wêreld is en besoek mekaar. |

### Belangrike datums tydens hierdie reis van 40 dae...

So 19 Jul: **Op pad na Emmaus.** Saam met wie is ek op pad? Lukas 24:13 – 35.

So 26 Jul: **Op pad na Damaskus.** Waar staan ek nou, op die pad? Handelinge 9:1 – 19.

So 2 Aug: **Op pad na Jerusalem.** Waarheen is ek en ons gemeente op pad? Markus 10:32 – 45.

So 9 Aug: Tydens die langnaweek onderbreek ons die reeks.

So 16 Aug: **Op pad na die beloofde land.** Wat was die pad wat ek tot hier gestap het? Deuteronomium 32:1 – 12.

So 23 Aug: **Op pad na ander moontlikhede.** Wanneer is dit tyd om te dink aan 'n alternatiewe- of ompad? Rut 1 & 2, Josua 2.

Do 27 Aug: **Gebedsbyeenkoms** om 18:00 by KH-saal te Glentana.

So 30 Aug: **Ons nooi almal saam op pad.** Wie kan almal by ons aansluit op hierdie pad? Handelinge 8:26 – 40.

Nagmaal en nagmaalsete na afloop van die diens in die KH-saal.

## DEUROFFER: DEGNOS (Bediening onder die Boesmans)

Outeniqualand het 'n jare lange verbintenis tot die DEGNOS bediening vir Boesmans. Vier jaar gelede op die 13de Augustus, het lede van die Diensgroep vir Getuienis en lidmate van Outeniqualand hulle besoek in Namibië om klere, skryfbehoeftes, sokkerballe en lekkers vir hulle te vat en ook die personeel en vir Andries en Tracy te bemoedig en versterk vir hulle werk. Maandag vertrek daar weer lidmate na Namibië vir 'n uitreik na almal wat betrokke is by die DEGNOS (Bediening onder die Boesmans). Dankie vir elke gemeentelid wat balle, klere, brille, lekkers, skryfbehoeftes ens. geskenk het.

Andries en Tracy Gous /
gousandries74@gmail.com /
Kantoor: ngtsumke@iway.na

## VOLGENDE SONDAG

Ons nooi jou Ons nooi jou uit na volgende Sondag se erediens om 09:30 in die kerk by Sinksabrug. Tydens die langnaweek onderbreek ons die reeks.

**GEEN EREDIENS BY DIE KOBUS HATTINGH-SAAL**.

**Sondag 16 Augustus** se tema is: *Op pad na die beloofde land* (Deut. 32:1-12).

## DEUROFFERS

Verlede Sondag R3 084 ingesamel vir Outeniqualand se Diens van Barmhartigheid. Volgende Sondag se deuroffer is vir Gerrie en Arlene Coetzee: 'n Egpaar van Bergsig-gemeente wat deur die Ring van George uitgestuur is om sendingwerk te doen deur SAAWE.

# oorgee

## GETROUHEID/ GEHOORSAAMHEID

Rekeningbesonderhede: NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nrs.: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/ Bankkollekte ens.*





FNB First National Bank

Snap here to pay
SnapScan

## BYBELSTUDIES

Skakel gerus vir Pieter Landman by 072 518 6964 as jy belangstel om aan te sluit.

- Mansbybelstudie is Do om 08:00 in die KH-saal.
- Damesbybelstudie is Do om 09:30 in die KH-saal.



# VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat 2 tot 8 Augustus verjaar:

**So 2**

Miriam Kemp
Stefan Marx (4 jaar oud)
Charles Robertson

**Di 4**

André Brink
Pauline Robertson
Annelie Turner

**Wo 5**

Ria Louw
Riël Viviers

**Do 6**

Simon Swart
André van der
Georgia Whitehead

**Vr 7**

Wessel van der Walt

**Sa 8**

Stefan Marx




# IS GEBED JOU PASSIE?

Raak deel van Outeniqualand se unieke whatsapp-gebedsgroep of gee gebedsversoeke deur sodat ons jou kan bystaan in gebed! Kontak asb. vir ds. Jan by 084 258 8646.

Hier is 2 Gebedsinisiatiewe:

- ‘n Gebedskamer (ou moederskamer) agter in kerkgebou vir gebruik deur ons lidmate. Julle kan voor/tydens eredienste daar kom bid.
- ‘n Prentjiemooi gebedstuin by die KHSaal te Glentana. Kom beleef God in die stilte van Sy skepping!

# ONS BID VIR...

***Kronies:*** Annemarie Swart, Justin Deysel en Marion van Niekerk. ***Herstel:*** Anél Diedericks, Petru van Ende, Elna Gouws, Isabelle Winnertz, Dirk Swart, Willem Byleveld, Elna Gouws, Serah Bester, Errol Thysse, Estelle Becker. ***Kanker:*** Reiner Becker, Nadia Botha, Irmgard Nel, Elize Odendaal, Ronel Skeen, Botha Breedt, Joey Buitendagh se dogter Karina Richter, Malan en Elrine Barnard se agterkleinseun.

1. <u>DEGNOS</u> (Deuroffer): Bid vir hierdie uitreik na die Boesmans in Namibië. Bid vir Andries, Tracey en hulle span. Bid vir ons gemeentelede wat hulle daar gaan ondersteun.

2. Bid vir Outeniqualand se <u>toekomsvisie</u>. Bid dat ons altyd God se wil vir ons voor oë sal hou en steeds diensbaar in Sy voetspore sal volg.

3. Bid vir mense (tussen ons) wat <u>eensaam en alleen</u> is. Bid dat ons tyd sal maak om te luister en bewus te raak van hul behoeftes.


4. Bid vir <u>Christene</u> in lande waar hulle, as gevolg van hulle geloof in Christus, <u>onderdruk, vervolg, gemartel en doodgemaak</u> word.

5. <u>Bid die Woord</u>: "Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom." (Psalm 37:23) Loop asseblief voor, Here!

DANKIE:

1. Dat God ons nooit sal verlaat of in die steek laat nie. (Heb. 5 en 6)

2. Dankie dat ons gebede voor God 'n "kragtige uitwerking" het. (Jakobus 5:16)




**<u>GEBEDSUITDAGING VIR DIE WEEK:</u>**

David Yonggi het gesê:
"Before I do or say anything, I pray. That is the difference between acting an reacting."




## AKTIWITEITE IN OUTENIQUALAND

Outeniqualand gemeente bestaan uit lidmate met uiteenlopende belangstellings, gawes en talente. Om hierdie rede probeer ons om vir elkeen geleentheid te gee om sy spesifieke talent/gawe/belangstelling in ons gemeente uit te leef. **Dit beteken dat daar 'n kruiwa vol aktiwiteite is waarby jy betrokke kan raak.** Die idee is nie noodwendig om by alles betrokke te wees nie, maar eerder om uit die kruiwa **dié aktiwiteite te kies waarin jy belangstel of waar jy jou spesifieke gawes/talente kan gebruik of waar die Here jou hart aanraak.**

Vir al die aktiwiteite word daar uit die kerk se begroting bygedra, maar ons wil ons gemeentelede die geleentheid gee om ook betrokke te wees om 'n verskil in mense se lewens te maak. Ons nooi elke lidmaat uit om by die Here te hoor waar en hoe jy betrokke moet wees.

Om hierdie rede wil ons net weer beaam:

- ✞ alle aktiwiteite is op 'n **vrywillige** basis (jy kan kies waarby jy betrokke wil wees en hoef nie noodwendig by almal betrokke te wees nie)
- ✞ by meeste van die aktiwiteite/uitreike word die gemeente se bydraes aangevul uit die gemeente se jaarlikse begroting.
- ✞ **Hou die Familienuus dop** vir inligting oor al die aktiwiteite van Outeniqualand waarby jy betrokke kan raak en geleenthede vir jou om jou gawes, talente, tyd, energie en belangstellings te gebruik.
- ✞ Ons wil jou aanmoedig om die Familienuus van hoek tot kant te lees, want hy is propvol waardevolle inligting en bemoediging. Bly ingelig!

## UITREIK NA BOESMANS!

Ons bid die uitreikspan na die Boesmans in Namibië (DEGNOS) sterkte toe en bid vir 'n veilige reis asook gesondheid.

## DIENSGROEP VIR BARMHARTIGHEID

Die Diensgroep vir Barmhartigheid ondersteun 'n paar gesinne. Op die oomblik benodig hulle 'n yskas vir een van die gesinne. Indien jy kan help kontak asb. vir Elna by 082 552 7831.

## KUIERGELEENTHEID: HUIS- EN TUINHULPE

Hierdie kuiergeleentheid vind plaas op Saterdag 22 Augustus 2026 om 10:00 by die KH-saal te Glentana.

Hoekom bied ons so 'n geleentheid aan?

- Ons wil dankie sê vir die rol wat hulle in ons lewens speel.
- Ons wil graag ons christelike gasvryheid teenoor hulle betoon.
- Ons wil verhoudings bou.
- Ons wil 'n geestelike inset maak in hulle lewens.

**Hoe lyk die oggend se program?**

- Die oggend gaan lig, vrolik en opbouend wees. Ons skop af met 'n kenmekaar.
- 'n Rollespel oor ouerskap
- Getuienis oor 'n tuinbou projek
- Ete (Sop en broodjies)
- Lofprysing met Enrico Gertse en sy span
- Geestelike inspirasie: Enrico Gertse

Ons wil ons lidmate uitdaag om met die volgende behulpsaam te wees:

- ➢ Die uitnodigingskaartjies is by hierdie Familienuus ingesluit. Nooi asb jou huis- en tuinhulp persoonlik deur die kaartjie in sy/haar hand te plaas.
- ➢ Ons gaan vervoer benodig om hulle by die KH-saal te kry. Mag ons vra of jy hulle betyds daar sal kry?
- ➢ Ons wil jou uitnooi om saam met hulle die oggend by te woon. Ons behoort voor 13:00 klaar te wees.

Skakel die kerkkantoor vir inligting.

# inligting

## BLY OP HOOGTE!

Indien jy op hoogte wil bly van die gemeente se aktiwiteite **via whatsapp**, stuur 'n whatsapp na ds Jan se nr (084 258 8646) met jou naam daarby. (Jy hoef nie jou lidmaatskap aan te vra hiervoor nie).







## BINGO

Op **Dinsdag 4 Augustus om 10:30** is dit BINGO in die Kobus Hattinghsaal! Die ingangsfooi is R50 per persoon wat 'n gratis tee/koffie insluit. Daar is ook lekker pryse wat gewen kan word.

Kontak vir Petru by 063 780 2339.












# snuffelhoekie

## PENDELDIENS

Een van ons lidmate het begin met 'n Lughawe- en Dorp-pendeldiens. Hy kan help so wyd as Oubaai/ Heroldsbaai/Glentana/Groot Brak-rivier/Wildernis/Victoria-baai. Hy sê sy diens is betroubaar, bekostig-baar, betyds en veilig. Kontak gerus vir George Botha by 082 566 3374.

## 5 STER KOMPOS

Die naam sê dit alles.......

U tuin smag daarna! Kontak Frank Robertson – 082 456 5965

R50 per sak/R650 per kubieke meter grof/R700 per kubieke meter gesif.

Outeniqualand-gemeente staan nie in vir die kwaliteit van produkte of dienste gelewer nie en vrywaar haarself van enige skade en/of verliese wat deur of as gevolg van 'n advertensie gely word.

Indien jy 'n produk of diens in die snuffelgids wil adverteer, kontak vir Merinda by die kerkkantoor ngouteniqua@gmail.com of 044-876 0158.